Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

30 Junie 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

Dit is amper tyd dat die volgende grade terugkeer tot die skool. Graag wil ons aan u die reëlings rakende dié infasering deurgee:

1. INFASERING VAN GRADE EN ROOSTERVERDELING

Graad 10 en Graad 11:

Die graad 10- en 11-leerders keer volgens die Departement van Onderwys se riglyne op 6 Julie terug skool toe. Volgens dié riglyne behels dit dat daar daagliks 50% van elke graad by die skool sal wees. Die volgende dag sal die ander 50% van leerders dan die skool bywoon.

'n Dag se rooster (bv. Dag 1 = Maandag) sal dus twee keer gevolg word: Klasse begin vir die eerste 50% van die leerders en word dan die volgende dag herhaal vir die ander 50% van die leerders. Ten einde dit te kan bereik, word die skool in twee groepe gedeel (Groep 1 en Groep 2). Op 6 Julie begin die skool dan met Groep 1 en die rooster word op 7 Julie vir Groep 2 herhaal. Dit is belangrik dat ouers en leerders besef u kind op 6 Julie tot die skool toegelaat kan word, SLEGS indien die leerder in Groep 1 is.

Leerders gaan nuwe roosters ontvang. Die beplanning rondom die nuwe roosters vir die eerste tydperk lyk soos volg:

6 Julie: Groep 1 (Dag 1-rooster)
8 Julie: Groep 1 (Dag 2-rooster)
10 Julie: Groep 1 (Dag 3-rooster)
14 Julie: Groep 1 (Dag 4-rooster)
16 Julie: Groep 1 (Dag 5-rooster)



7 Julie: Groep 2 (Dag 1-rooster)
9 Julie: Groep 2 (Dag 2-rooster)
13 Julie: Groep 2 (Dag 3-rooster)
15 Julie: Groep 2 (Dag 4-rooster)
17 Julie: Groep 2 (Dag 5-rooster)

Dit beteken Groep 1 woon skool op Maandag, Woensdag, Vrydag (Week 1) en dan Dinsdag en Donderdag (Week 2) by. Groep 2 woon skool op Dinsdag en Donderdag (Week 1) en dan Maandag, Woensdag, Vrydag (Week 2) by.

Graad 12:

Let wel dat Graad 12-leerders steeds ELKE DAG skool sal bywoon. Die Graad 12-groep is nie in twee verdeel nie aangesien hul teen Augustus alle kurrikulumwerk afgehandel moet hê vir die aanvang van die Rekordeksamen.

Om egter by die roostersiklus in te pas, sal die graad 12's elke dag se rooster 2 keer moet deurloop: Maandag (Dag 1), Dinsdag (Herhaal Dag 1); Woensdag (Dag 2), Donderdag (Herhaal Dag 2) ens.)

Aangesien die Graad 10- en 11-leerders Maandag (6 Julie) en Dinsdag (7 Julie) eers oriëntering rakende die protokolle van Covid-19 moet kry, en die normale rooster (met korter periodes) daarna sal volg, hoef die Graad 12-leerders op dié dae eers 8:20 by die skool te wees.

Graad 8 en 9:

Die voorlopige infaseringsdatums vir hierdie grade is 3 Augustus. Alhoewel die skool aansoek het om graad 8 en 9 vroeër in te faseer, sal die volgende twee weke deurslaggewend wees, gegewe die groot daaglikse toename in Covid-19 infeksies. Verskeie van ons buurskole was reeds etlike dae toe en die risiko vir meer onderbrekings neem eksponensieel toe met meer leerders op die terrein.

Ons gevoel is tans dat die aanlynonderrig tot so 'n mate gevorder het dat, gegewe omstandighede, 'n leerder se akademiese ingesteldheid sal bepaal of hy/sy suksesvol is en nie net die fisiese teenwoordigheid in die klas nie. Wêreldwyd word hierdie benadering (infasering per graad) as tussentydse maatreël aanbeveel. Ons help ook al die leerders sonder internet deur die verskaffing van hardekopieë van die werk (Vrydae).

2. INDELING VAN KLASSE: GRAAD 10-11

Hier volg die indeling van die Graad 10- en 11-klasse vir die rooster:

VOOGKLAS	GROEP 1	GROEP 2
	Keer terug op 6 Julie	**Keer terug op 7 Julie**
Graad 10/1	Amoldi Micaela – Malebye Malebo	Masumbuka Eliza – Wilkins Amoné
Graad 10/2	Barnard Kylie – Meyer Tenika	Miller Kevin – Vermeire Megan
Graad 10/3	Bezuidenhout Jené – Oosthuizen Sharmaine	Pitzer Marizette – Wilke Lianné
Graad 10/4	Bezuidenhout Brandon – Maswanganyi Lizzi	Mogotlhe Boipelo – Vosloo Annemarie
Graad 10/5	Bezuidenhout Chanri – Makhya Bonolo	Nell Janre – Worst Lisa
Graad 10/6	Brits Luan – Ludick Anke	Maboela Oratile – Vermaak Chandré
Graad 10/7	Anderson Corné – Lourens Karike	Maluleka Tsona – Wessels Selna
Graad 11/1	Badenhorst Vian – Lubbe Zandré	Mangwedi Angie – Vlok Marica
Graad 11/2	Adlem Loura – Kriel Elmie	Kruger Caitlin – Weber Angelique
Graad 11/3	Bezuidenhout Chanell – Kruger Clarissa	Laubscher Ruan – Vosloo Samantha
Graad 11/4	Bosch JJ – Möller Lishia	Ntloko Lebo – Venter Melinda
Graad 11/5	Badenhorst Tristin – Kotzé Shirley	Kruger Pieter – Visser Clarissa
Graad 11/6	Adendorff Nicole – Lightfoot Megan	Luüs Maré-Jaun – Wucherpfennig Gustav
Graad 11/7	Brummer Cherlize – Moolman Reané	Moumakwa Gomo – Von Kleist Tarien

3. GRAAD 10-11: PROTOKOLLE BY DIE SKOOL

Soos in die vorige nuusbriewe uiteengesit, gee ons weer die basiese protokolle rakende Covid-19 aan die leerders deur soos dit sal geld vanaf 6 Julie:

- Graad 10- en 11-leerders gebruik die sporthek. Die hekke sal om 06:15 oop wees.
- Leerders stap in rye tot by die ingang van die hokkieveld. Graad 11-leerders beweeg links op en Graad 10-leerders regs op met die pad.
- Leerders moet 'n masker dra as hul by die skool arriveer.

- Volledige, korrekte winter-skooldrag moet gedra word.
- Ouers moet leerders by die sporthek/dienspad aflaai. Geen voertuie, buiten personeelmotors, mag tot by die hoofhek ry nie.
- Op die plaveisel sal daar lyne vir sosiale afstande wees. Hou asb. by die afstande.
- Nader aan die hek, is daar interessante leesstof teen die heining vasgesit oor die sanitasie-stappe wat gevolg gaan word. Lees dit asb.
- Leerders gaan dan deur die sanitasieproses en hul temperatuur sal geneem word.
- Hierna is daar 'n vraelys wat leerders moet voltooi (vrae sal gevra word) waarna die leerder moet teken. Dit dien ook as presensielys vir die dag.
- Binne die skoolterrein moet leerders asb. steeds sosiale afstande handhaaf.
- Leerders (Graad 10-11) gaan eers 'n voogperiode hê waar alle veiligheidsreëlings verduidelik sal word.
- Personeel se motors is in die vierkant. Wees asb. versigtig om dit nie te beskadig nie en moet nie raakgery word nie
- Die snoepie is oop maar word streng gemonitor en alle protokolle, insluitende sosiale afstande moet steeds gehandhaaf word.
- Leerders kan ook hul eie sanitasie-produkte saambring waarmee vir eie gebruik.
- Leerders se hande word voor en na elke klas gesaniteer.
- Die skool verdaag in sarsies. Nadat 'n leerder die skool verlaat het, moet die leerder dadelik huis toe beweeg. Geen leerder mag op die terrein, na skool, wag nie.

4. KO-MORBIDITEITE TEENOOR TUISONDERRIG EN AANLYNKLASSE

'n Vorm rakende ko-morbiditeite is by die skool beskikbaar. Indien u kind chroniese medikasie gebruik en behandeling ontvang vir een van die volgende ko-morbiditeite naamlik asma, tuberkulose, swangerskap, chroniese asemhalingsprobleme soos sistiese fibrose en longsiektes, erge imuungebrek en erge diabetes, kan u aansoek doen vir die hantering van die leerder as 'n ko-morbiditeit. Dit beteken dié leerder mag tuis voortgaan met skool as 'n "lockdown learner" van die skool indien die aansoek suksesvol is.

Alle hantering van die skoolwerk word dan die ouer se verantwoordelikheid. Die skool wil egter sodanige leerders, wat werklik 'n ko-morbiditeit het, ondersteun en gaan voortgaan om hierdie leerders deur middel van die *Google Classroom* te help.

Ko-morbiditeite word egter volgens die Covid-19 regulasies omskryf en benodig opgedateerde mediese verslae. 'n Doktersbrief van slegs een dag is nie genoegsame vereistes nie. Ouers kan ook nie self besluit dat 'n leerder tuis bly nie omdat hul wil aangaan met aanlynklasse nie. Sodanige leerders gaan ongelukkig na 'n tydperk gederegistreer moet word en moet heraansoek vir plek tot die skool.

Ouers verwar ko-morbiditeite met tuisonderrig en aanlynklasse. Tuisonderrig word deur buite-instansies wat geregistreer is by die Departement van Onderwys of SACAI hanteer. Ouers moet aansoek by die instansies doen, sodat hul kind tuisonderrig kan ontvang. Hulle is dan nie meer leerders van die skool nie. Dit is dus nie die aanlynklasse wat die skool doen nie. Die klasse, in die huidige formaat, is juis geskep as interim-maatreël om alle Wonnies voor te berei en op datum met skoolwerk te hou sodat hul suksesvol kan terugkeer skool toe. Die klasse sal na die infasering van die grade nie in dieselfde formaat voortgaan nie.

5. SKOOLWERK

Elke oorwinning teen moedeloosheid hou die vlam van hoop lewendig.

Ons is huidiglik bewus van so baie mense wat finansieel deur 'n baie moeilike tyd gaan. Dit is iets waarvoor ons baie begrip het, omdat elke gesin op die een of ander wyse geraak word deur die ekonomiese implikasies van Covid-19.

Vir baie mense is toegang tot die internet eenvoudig nie moontlik nie, as gevolg van ekonomiese uitdagings van huisgesinne. Dit is so jammer dat dit te midde van 'n tyd is waar internettoegang onontbeerlik geword het. Noodgedwonge was aanlynklasse ook die skool se enigste manier om steeds effektiewe onderrig aan leerders beskikbaar te stel en ons is bemoedig deur die oorgrote meerderheid Wonnies wat toegang het tot die werk op *Google Classroom*. Ons personeel het met stampe en stote, in hierdie grendeltyd, baie nuwe vaardighede baasgeraak om onderrig so ver as moontlik te laat voortgaan. Ons het ook reeds verskeie aanlyn-assesserings gedoen.

Vir die leerders wat nie internet het nie, word die skoolwerk afgerol en op Vrydae by die skool uitgedeel. Indien daar egter enige leerder is wat nie toegang tot die internet het nie en die werk benodig, kan u me. Viljoen kontak by hhcviljoen@wonnies.co.za.

Leerders wat egter wel in hierdie tyd elke dag die nodige werk gedoen het, sal 'n soliede akademiese basis hê wanneer hulle terugkeer skool toe. Ek wil u aanmoedig om u kind te bly motiveer om getrou akademies te werk en so homself/haarself beter toe te rus vir enige uitdaging wat dalk nog die jaar mag voorlê.

M LEZAR
SKOOLHOOF